**Skriflesing:** Esegiël 2:1-10
Teks: **Esegiël 2:4-5**
**Sing- SAMESANG-**
**TYDENS EREDIENS-**
Nadat Esegiël in hfst. 1 baie dinge gesien het, is dit nou die ore se beurt. Broeder en suster, hy gaan ook baie dinge hoor. Hy moet vinnig op die been kom, want ná alles wat hy in hfst. 1 gesien het, het hom op sy gesig laat val. Die lewende wesens, die geweldige vuur en blitse, die gedreun en beweging, die wiele binne die wiele, dit alles wat die troonwa van God se heerlikheid sou uitdra, dit het die profeet in 'n sekere sin "omgery", maar die Here sê- *Mensekind staan op jou voete, dat Ek met jou kan spreek...*

Dit is werklik niks anders as 'n erediens wat nou moet plaasvind. Daar waar God met jou wil praat is dit tog kerkdiens, ja erediens, want dit gaan om SO SPREEK DIE HERE, HERE. Om hierdie erediens sy ware diepe karakter te gee, is dit nie maar die gees van die mens wat daar is nie, maar die ware kerk, enige kerkdiens, kan nie sonder v.2 nie. Die Heilige Gees sal spreek. Vers 2 sê dit duidelik- *En die Gees het in my gekom sodra Hy met my gespreek het en my op my voete laat staan; en ek het Hom gehoor wat met my gespreek het.* Die Heilige Gees, spreek en die mensekind word aangespreek. Hoe vol betekenis wanneer Esegiël *mensekind* genoem word. Broeder en suster, ons maak in hierdie hoofstuk die drieërlei onderskeid. Eerstens kyk ons na die mensekind wat aangespreek word. In die tweede plek moet ons hoor wat daar vir hom gesê word. Laastens die uitgaan/uitkoms van hierdie erediens.

***Die mensekind!***

Esegiël sal voortaan ook moet preek, maar voor hy kan preek, moes daar eers vir hom gepreek word. Daar moet kerkdiens wees voor daar preekdiens kan wees, daar kan nie preekdiens wees as jyself nie die erediens joune gemaak het nie. Hierin word Esegiël ingelei en ingelyf. In die erediens wat God Self deur sy Gees met hom sal hê, is Esegiël gewoon die mensekind. Hy is maar net mens, hy is niks beter as hulle tot wie hy gestuur sal word nie.

So maklik soos die mense val, so maklik val die prediker van die woord ook?! Die mensekind staan geteken in sy swakheid, sy sterflikheid, sy kragteloosheid, sy nietigheid, sy afhanklikheid, sy onderworpenheid. Predikers, ja die geroepe profeet wat homself sou wou verhef, ons hoor juis so dikwels hoe hard is hulle val. Daar is baie sulkes, wat vergeet het dat hulle eintlik maar net mensekinders is. Die woord mensekind is een van die kernwoorde in die profesie van Esegiël . Dit is 'n woord wat 109 kere in die Bybel voorkom en 93 uit hierdie 109 kere staan in Esegiël. Om te weet jy is 'n mensekind wat deur God uit die wêreld gegryp is. God lê sy hand op jou (vgl. 1:3), maar jy is en bly mensekind, wat van nature net so tot alle kwaad geneig is, waarlik daar is niks wat jou beter maak as al die ander wat gewoon ook maar net mensekinders is.

'n Mensekind ken net een beter as homself/ haarself en dit is die Een wat nie mensekind is nie, maar die Menseseun. Daar is net één soos Hy. Baie mense sou Hom ook wou maak, mensekind, selfs het hulle met Hom gemaak asof Hy dit nie werd was om mensekind te wees nie, maar die genade vir ons in hierdie Mens was, die feit dat Hy die Menseseun waarlik ook God is. Hy was afgeskei van die sonde van die hele menslike geslag, op Hom het daar geen vlek of rimpel gesit nie. Ja, Hy het gesterf vir mensekinders omdat Hy met hulle een kon wees, maar tog nie uit hulle gekom het nie. Hy is God wat in hulle lewe gekom het en nie maar uit hulle as gewoon net nog 'n mensekind gestam het nie. Tog sou niemand kon sê dat Hy sonder stamboom was nie, al was Hy waarlik sonder sonde! Die Seun van die mens,

Jesus Christus, is waarlik Mens in alles gewees, maar gewoon mensekind is Hy nie, terwyl daar niemand van ons is wat nie maar gewoon net mensekinders is nie.

Ons is dit almal, Esegiël ingesluit! Niks is daar waarop ons uit onsself kan roem nie. Hoe baie keer moet ons dit besef, ons eie onbekwaamheid en swakheid. Voordat die prediker mag spreek moet hy self eers baie duidelik hoor. As die swaard van die Woord nie eers self die profeet sny nie, dan sal hy hierdie tweesnydende swaard nie in die midde van die volk mag bring nie. Voor jy tot ander mensekinders mag spreek, Esegiël weet eers wat jyself ook is, gewoon een van hulle- mensekind! In jouself is jy net so 'n skerpioen soos hulle, jy is net so vol dorings en distels, net soos hulle! Met wat die mensekind moes hoor nie net wat hy in homself is nie, is dit dan juis ons tweede gedagte-

***<u>Dit wat daar vir die mensekind gesê word:</u>***

Dit wat die Here hier sê is waarlik nie die taal wat mense graag hoor nie. Dit is hard en swaar, moeilik om dit te moet hoor. Om dit dan nog vêrder oor te dra, maak niks hiervan makliker nie. Dit neem niks daarvan weg, hoe moeilik dit ook dan mag wees dat Esegiël hierdie boodskap wat hy moet hoor sal moet oordra. Hy moet gewoon die gesant wees want dit is God wat hom stuur. *Ek stuur jou na die kinders van Israel...*Dit is wat profete moet wees. Gewoon net boodskappers van God. Dit is dan ook die mees basiese verskil tussen 'n ware en valse profeet. Die valse profeet se valsheid begin gewoon nie in wat hy eerstens verkondig nie, maar die profeet is vals as hy een is wat nie waarlik deur God gestuur is nie. In Jer. 43:2 lees ons die verskriklike van so 'n beskuldiging as daar vir Jeremia gesê word- Die Here het hom nie gestuur nie...Daar is dit die vermeteles wat dit vir Jeremia sê.

Hier praat nie mense nie, maar hier praat die Here. Die Here laat dit baie duidelik aan Esegiël oor- Dit is Hy wat die Here is wat praat. Dit is Hy wat die Here is wat stuur. Die feit dat God daar is, dit is so 'n sentrale tema die hele Esegiël deur, maar hier gebeur iets wat ons nie maar sommer moet mis nie. God is daar, maar Israel is vir God nie meer daar nie. Hulle is nie meer die Israel wat hulle moes wees nie.

God noem Homself hier nie meer hierdie volk se God nie, die verbondsnaam waarmee God Homself aan sy kinders bind staan hier nie, ja hoe vêr gaan dit nie. God noem Esegiël darem nog mensekind, maar as God van Israel praat dan noem Hy hulle nie eers meer my volk nie. Hulle is wat gewoon onder nasies bedoel word. Israel word gewoon nou maar ook soos 'n nasie... Israel mag nog wel etnies verbonde tot mekaar staan, maar hulle verbondenheid tot God is waar die eintlike harde woord gaan val!

Dit geld in ons moderne konteks van die Afrikaner net soveel, alhoewel daar nie maar gewoon met Israel geïdentifiseer kan word nie. Ons wil baie keer as Afrikaners op ons geskiedenis en tradisies, ja selfs op wat ons etnies is, sal baie wil roem, selfs ons verbondenheid tot mekaar, maar as die Afrikaner nie meer weet wat dit is om vêrder as die bloot histories etniese vergestalting te vorder nie, dan moet ons eerder vinnig begin stilbly, want dan beteken die Afrikaner vir God se kerk net mooi niks!

Ons het gehoor dat Israel se verbondenheid tot God bring harde woorde. Die hardheid van God se volk word op drie wyses beskryf. Hulle is ontrou, wat in sterk politieke terme ook staan. Soos wanneer mense rebelleer, hulle is in opstand, maar vv 4-5 trek die Here die terme nog nader, dit word eintlik nog harder. Die Here beskryf die toestand in die tweede plek as hulle is wederstrewig. Dit is nie maar soos die volk van 'n land wat rebelleer nie, maar 'n kind in die huis wat geen respek meer betoon teenoor hulle wie sy eie huis, wie sy eie familie

is nie. Hulle wil gewoon nie luister nie. En die derde verband waarmee die Here hierdie volk beskryf is hulle totale verhardheid. Hulle is hard van aangesig en verstok van hart.

Die Here beveel in Deut. 6 woorde wat in 'n mens se hart moet wees. Hy wat die enige Here is, Hy is die Enigste wat ons moet liefhê, met ons hele hart en ons hele siel en al ons krag. Dit wat ons ons kinders moet inskerp en daaroor praat. In jou huis, op die pad, as jy gaan lê, as jy opstaan.

En spesifiek word daar dan weer gesê, dit moet as 'n teken op jou hand gebind wees en as voorhoofsband tussen jou oë. Hoe tragies is dit wat die Here vir Esegiël sê! Daar op hulle voorkop, tussen hulle oë, waar die plek moet wees waar die Wet van die Here as teken van gehoorsaamheid gebind moet word, juis is dit die plek waar Israel hard geword het. Die Here sê- *En die kinders is hard van aangesig en verstok van hart.* In Jesaja 48:4 lees ons hoe hard Israel hulleself wil handhaaf. Israel hou hulle neksenings so styf soos yster en hulle voorhoof soos koper.

Dit wat in hierdie erediens gesê word, dit is die dinge wat God raaksien wat 'n mens nie altyd raaksien nie. Trouens ons kan maar net sien wat voor oë is. Esegiël sou van sy volk nie self hierdie dinge gesê het nie. Vir hom is Israel die volk wat mos darem uit die stam van Juda is wat smag na verlossing en dat alles herstel moet word. In baie opsigte het hy sy eie mense in hulle nood en swaarkry wou jammer kry.

Dit wat hier vir hierdie mensekinders gesê word, is dan nie maar 'n mensekind wat met hulle praat nie. God praat met hulle. Dit staan eintlik by herhaling as ons weer v.4 lees – *En die kinders is hard van aangesig en verstok van hart. Ek stuur jou na hulle en jy moet vir hulle sê- So spreek die Here, HERE.* Vers 5 wat dit dan eintlik nog harder stel- *Maar of hulle nou luister of nie- want hulle is 'n wederstrewige huis – hulle sal moet erken dat daar 'n profeet in hulle midde gewees het...*(Die Hebreeuse woorde wat hierdie erge toestande beskryf is eers marad- מְרִי (*meri*) (598b)**Meaning:** *rebellion* en dan kom die woord pasa- קָשֵׁה qasheh {kaw-sheh'} **Meaning:** 1) hard, cruel, severe, obstinate- Die woord om hulle hardheid te beskryf word eintlik net nog meer. Daar is ook die woord - חָזָק (*chazaq*) (305c)**Meaning:** *strong, stout, mighty* - **Origin:** from 2388- en dit dui ook net nog weer op 'n ander manier op hulle hardheid.

Die harde rebellerende gesig, die verstokte hart, die wederstrewige huis, dit alles maak dat die Here vir Esegiël sê- Dit gaan nie vir jou maklik wees om met Israel te praat nie. Inteendeel, hulle is 'n rebellerende nasie, hulle maak of hulle probleme eintlik polities van aard is, maar hulle probleem is nie politiek nie. Die Here gebruik wel baie keer die politiek om hierdie opstandiges deur hulle eie politiek te straf. So toon God aan hulle sy mag. Hulle sal besef die uitkoms van die erediens van die lewe, dit wat die ware kerkdiens moet wees, dit wat jou hele lewe moet omvat, dit is om 'n slag net te luister wat God vir jou sê. Per implikasie maak die Here vir Esegiël en vir Israel twee uitkomste uit hierdie erediens bekend. Dit begin dan ons laaste gedagte te vorm as ons dan handel oor-

***<u>Die uitgaan/uitkoms van hierdie erediens-</u>***

Of hulle nou gaan luister of nie, dit moet hulle goed weet, daar was 'n profeet in hulle midde gewees. Hulle sal nie kan sê ons het nie geweet nie. Vir Esegiël is die woord om nie te vrees nie, iets wat hierdie mensekind baie moes help, want wie sal nie vrees as die boodskap wat ons moet bring so hard en eintlik so duidelik is nie, maar beslis nie maklik om dit oor te dra nie. Hy word na mense gestuur, dit maak die Here nog weer bekend, wie se uitkoms is

soos wanneer jy jou tussen dorings en distels inloop, of dit sal wees of jy op ’n skerpioen trap want hierdie mense is vir die Here soos skerpioene.

Laat ons dit besef, broeder en suster, hierdie is nie skelwoorde wat die Here vir sy kinders gebruik nie. ’n Distel groei waar die grond versteur is, daardie dorings van die distel sal net wees waar die distels lekker kon groei. Presies is wat in die hart gebeur. As die grond van jou hart versteur is, ja jou hart het styf en stokkerig geword dan sal so een soos ’n distel teen die profeet van God wees. Esegiël sal dit beleef, hoe dikwels gebeur dit wanneer hy as profeet hierdie harde woorde van God aan sy volk moet meedeel, dat hulle teenoor hom soos ’n ystervark hulle penne sal laat rys. Dit sal voel hy loop hom trompop teen die penne vas.

Die feit wat Esegiël hier met hom moes saamneem is om nie getalle in die Here se koninkryk te wil soek nie. In vandag se terme word daar baie keer gedink dat baie is gewoon beter. As daar 300 000 mans na Greytown optrek om Angus Buchan te hoor en dit word die maatstaf van die sukses van wat hierdie duisende mense vir Christus in sy wingerd kan beteken dan besef ons die Here werk in sy koninkryk ook anders. Om sukses in die koninkryk aan getalle te meet is ’n te eenvoudige aanname, want stuur die Here vir Esegiël juis waar getalle nie tot inkeer sal kom nie. Die sukses van Esegiël se prediking sê die Here Self sal nie in getalswaarde gemeet kan word nie. Daar word nie voorsien dat daar massas sal wees wat gaan luister nie! Die primêre doel van wat Esegiël moet gaan doen, is nie om duisende en duisende mense tot inkeer te probeer bring nie, maar dit moet anders gedoen word. Daar moet aan God die eer gebring word deur net die boodskap te verkondig wat die Here aan hom wat Esegiël is gegee het. Niks meer en niks minder nie.

By Esegiël sal ons 121 maal in hierdie boek hoor hoe opstandig die volk geword het teen die Woord van die Here en teen dit wat die kerk en die kerkdiens vir God beteken. Ons kan hierdie opstand teen Wie God waarlik vir ons wil wees met die skerpte van die angel van ’n skerpioen vergelyk. God maak Self hierdie vergelyking as die uitkoms van die diens aan Esegiël gegee word- jy woon by skerpioene. ’n Skerpioen is deel van wat ons by spinnekoppe ook kry. Dit is ’n selfsugtige diersoort. Sy nes is net vir hom alleen. Selfs van die wyfie spinnekoppe vreet die mannetjie op sodra paring plaasgevind het. So selfsugtig is die diersoort, die nes is net vir hulleself. Vang sy prooi net om sy bloed uit te suig en hy dra sy gif in sy stert. As die Here begin om mense hiermee te vergelyk, selfs hulle wat sy kinders moes wees, dan besef ons die pynlike van wat hier gebeur. Mense wat eintlik net vir hulleself leef. Hulle sal selfs hulle gif nie spaar op mense soos Esegiël vir wie die Here sy Woord gegee het nie. Trouens juis op sulke mense soos Esegiël sal die teenstanders van God selfs hulle laaste druppeltjie gif wil inspuit. Die dienaars van God maak God dit duidelik dat hulle loop baie keer die hardste deur.

Hierdie skerpioene wat elk sy eie klip kies om onder te skuil, het ons baie skerpioene onder baie klippe in die lewe van Jesus ook moet sien. Daar het die Fariseërs soos skerpioene nie opgehou totdat die kruis op Golgota opgerig is nie, toe eers het die skerpioene hulle sterte laat sak. Hulle het van baie kante op die Menseseun van God toegesak. Hulle het Jesus tog moes leer ken, Hy wat Homself bekendmaak, hulle woon by Hom, maar Esegiël sou dit ook hoor dat dit is skerpioene by wie jy woon. Die dorings en distels van wat God vir Esegiël die vergelyking gee, daardie dorings is op Golgota tot ’n doringkroon gevleg. So verwaand is die mens in sy distel-mentaliteit dat hy/sy nie kan ophou om sy dorings en sy angels van God af te hou nie. Op Golgota is dit bewys.

Hiermee besef ons vandag die geweldige verval as dit kom by wat Esegiël moes gaan verkondig. Ons leef in 'n tyd waar die boodskap teenoor ons eie mense nie sagter kan wees nie. Dit is wat ons moet besef hoe erg dit vir Esegiël moes wees dat sou hy eerder na heidene toe gaan dan sou dit eintlik makliker gewees het. Onder die heidene sal die vrug op sy verkondiging selfs beter wees. Dit sê die Here Self, maar geliefdes ons kan maar net vashou aan wat die Here ook vir Esegiël gegee het om aan vas te hou.

Die uiteinde van alles wat in hierdie erediens- hierdie kerkdiens- gebeur hang eintlik net af van om by hierdie drie dinge nie te vergeet nie. Ons kan in hierdie moeilike lewe nog altyd hiermee die lewe ingaan. Die feit dat dit die Heilige Gees is wat vir Esegiël stuur (v.2), die feit dat hy nie sy eie boodskap bring nie, maar hy bring God se Woord, dit gaan om so sê die Here, HERE (vv4,7)- dan sal Esegiël dit volgende keer eerstehands ervaar en ons dit so meedeel- die woord wat daar uitgeskrywe staan- v.10 dit is geskryf op die voor- en agterkante, daarop was klaagliedere, dit is liedere van gesug en liedere van smarte, ja van allerhande weë- lank en moeilik is die woord wat hy moes bring, selfs het hy hierdie woorde moes eet, daarna sal ons kyk, maar tog net die feit dat hy daaraan gehoorsaam wou wees, daardie handeling word vir hom so soet soos heuning. Dit sal ons DV. volgende keer by kom, maar laat die laaste waarmee Esegiël hierdie kerkdiens kon uitgaan ook ons verder dra.

Die Here het vir Esegiël keer op keer verseker dat in Hom wat die Here is, in die Here se sterkte is hy veilig. Al klink dit nie of Esegiël soos van die ander profete baie geleentheid kon hê om te reageer op alles wat die Here vir hom gesê het nie. Dit mag klink asof dit alles maar sommer oor hom kom, sonder dat hyself hom nog daaroor kon verantwoord en wanneer sy mond gevul raak met wat hy alles moet eet (hfst. 3) dan is dit nog moeiliker om terug te praat. Vir terugpraat was daar vir Esegiël nie veel van 'n kans nie, maar tog hoef hy nie terug te praat nie. God ken sy vrese, God antwoord daarop. Nog beter, God ken sy hart, God woon daarin, God is daar en hierdie sentrale gedagte uit die volle Esegiël –profesie sal vir Esegiël maar ook vir ons altyd dra. Die Here weet wanneer jy bang is, die Here ken die twyfel in jou hart, wanneer jyself dreig om wederstrewig te word (v.8), maar moet nie jou mond teenoor die Here oopmaak nie, laat die oop mond eerder gevul word nie in wat jy wil sê nie, maar soos in Esegiël se geval word sy mond dan gevul met wat God wil hê die profeet moet eet. Dit wil lyk Esegiël was nogal 'n baie sensitiewe mens, maar selfs die mees sensitiewe onder die Here se kinders, in daardie oomblikke van swakheid, wanneer jy baie swak mag voel, so onbekwaam vir waarvoor God jou roep, wees nie bang om in die Here se krag sterk te wees nie. Wanneer jy sterk is, dan is jy swak, wanneer jy in jouself so swak mag voel, dan is jy eintlik sterk. Niks hiervan het nog ooit verander nie.

AMEN